

## Sondag 28 Augustus

**Skrifgedeelte: Psalm 124:1-8 (AFR53 / AFR20)**

**Fokusgedeelte: Psalm 124:1**

### **As die Here nie vir ons was nie, is dit klaar met ons!**

Die psalmdigter lei Israel in danksegging aan die Here dat Hy hulle verlos het van 'n vyand wat hulle wou verwoes. Dit is opmerklik hoeveel lewendige metafore die psalmdigter gebruik om die gevaar wat die volk in die gesig staar, te verduidelik. Die beelde lui soos volg:

- Lewendig ingesluk (vs 3) soos 'n roofdier sy prooi opvreet (vs 6).
- Die waters ons oorspoel (vs 4a) soos water 'n skip oorweldig.
- 'n Stroom ons oorweldig (vs 4b) soos 'n sterk stroom na baie reën 'n hele dorp kan vernietig.
- Tierende waters (letterlik: arrogante waters) ons lewendig oorweldig (vs 5) soos die waters wat die Farao en sy weermag oorspoel het.
- Net soos 'n voël het ons ontvlug (vs 7).

Dikwels het dit gelyk asof die mensdom teen die volk van die Here was en dat hulle hul toorn teen die lewende God teen sy volk uitgespoel het (vgl. Ps. 2:1-3). Die nasies was van plan om “die siel/lewe”, wat die Here aan sy volk gegee het, te vernietig. Die werkwoord “ingesluk” is 'n metafoor vir die dood. Die dood word dikwels voorgestel deur die doderyk/“Sheol” as iets wat die mens insluk” (vgl. Ps. 55:15). Die vyande van God en kon egter nie daarin slaag om sy volk dood te maak nie.

Die gewelddadige daade van die vyande word vergelyk met “die waters”, “die stroom” en “die arrogante waters”. Die metafoor van water as vernietigende krag is algemeen in die Ou Testament vanweë die vernietigende stortreëns wat in daardie wêrelddeel bekend is. Die omstandighede het God se volk so uitgeput dat hulle amper vergaan het. Die arrogante waters dui gepas op die arrogansie van die vyande van God en sy volk, want hulle dink hulle staan 'n kans teen die Lewende God.

Hierdie Psalm kan op verskillende tye in die geskiedenis van Israel van toepassing wees, omdat die historiese boeke baie verhale bevat van God wat sy volk op hierdie manier gered het. Maar God was daar met hulle, en sodoende het hulle die verwoesting van hulle vyande vrygespring. Anders sou hulle verskeur gewees het, net soos 'n wilde dier sy prooi verslind (vs 6). Hulle sou vasgevang gewees het soos 'n voëlvanger 'n voël vang (vs 7). Hierdie groot daad van God se verlossing lei tot die selfversekerde verkondiging dat God, die Skepper, Israel se helper is (vs 8). Ons as gelowiges is besig met 'n geestelike stryd teen die sonde en teen die bose magte wat ons versoek (Ef. 6:10-20) wat buite ons vermoë strek om self te oorwin. Ons enigste hoop is dus in die Here se hulp. Paulus spreek dieselfde vreugdevolle vertrou uit as die psalmdigter wanneer hy sê: “As God vir ons is, wie kan teen ons wees?” (Rom. 8:31).

Waarom kan ons so sê? Die geweldige dood waarvan Psalm 124 spreek, kon nie ons Here Jesus Christus gehou het nie. Hy het die dood oorwin deur sy opstanding deur die krag van die Heilige Gees. As ons in Christus glo en vertrou, dan het die dood en ewige verderf ook geen houvas oor ons nie, want hoewel ons eendag sal sterf, het ons die versekering van die ewige lewe van die Gees in ons bevestig.

*Sing: Psalm 124:1, 4 / Psalm 116:1, 5*

*Ds. MW Kruger (Thinus) (Newcastle)*